Beskrywing van die Antichris volgens Openbaring

Die vraag wat die meeste deur jong gelowiges gevra word is wie die Antichris is en waar hy vandaan gaan kom. Die Bybel antwoord hierdie vrae ongelukkig glad nie. Persoonlik dink ek nie dat God wil hê dat ons moet weet nie. Daar word wel genoem dat ons eendag verbaas sal staan as ons gaan sien wie dit was.

Openbaring 13 gee vir ons 'n baie duidelike beskrywing van die Antichris, sy opkoms en hoe hy oor die wêreld gaan regeer. In Openbaring 13:1-2 staan: *"[1] EN ek het ’n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ’n naam van godslastering. [2] En die dier wat ek gesien het, was soos ’n luiperd, en sy pote soos dié van ’n beer, en sy bek soos die bek van ’n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag."*

Die simboliek van die see word verduidelik in Openbaring 17:15 *"En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale."* Die Antichris gaan dus sy verskyning maak deur bloot tussen die mense te voorskyn te kom. Die Antichris gaan dus nie iemand wees wat op die oomblik bekend is nie.

Die sewe koppe van die dier is 'n manier om God na te boots, want sewe is God se perfekte getal. In Openbaring 5:6 staan: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar ’n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde."* Verstaan u waar die getal sewe inpas?

Die tien horings simboliseer mag en die tien krone stel heerskappy voor, maar op sy koppe is die naam van godslastering. Alhoewel die Antichris gaan probeer om God na te boots, gaan hy nie God wees nie.

Satan is nie dom nie. Hy weet dat as hy iets stelselmatig aan die wêreld bekend stel, dan is die kanse dat ons dit as normaal gaan aanvaar, baie groter. Dis waarom die dier eers sy koppe wys, daarna sy horings en daarna sy krone. Hy doen hom dus eers voor as 'n engel van die lig, dan wys hy vir die mense sy mag en laastens verkry hy heerskappy oor hulle. Teen die tyd dat die laaste stap (krone) verskyn gaan die wêreld al so ingetrek wees deur hom, dat hulle niks meer aan die saak sal kan doen nie.

In vers twee word die dier beskryf as 'n luiperd, beer en leeu. Luiperds is rats en hulle beweeg vinnig. Die pote van 'n beer is groot en standvastig en die bek van 'n leeu is simboliseer bloeddorstigheid.

In die boek van Daniel word na die Antichris beskryf as 'n intellektuele genie (Daniël 7:8), 'n uitstekende spreker (Daniël 7:20) , 'n militêre leier soos geen ander in die mens se geskiedenis nie (Daniël 7:23) en 'n gemene en 'n manipulerende politikus (Daniel 8:25 en Daniël 11:21).

In die tweede gedeelte van die tweede vers word die openbaring gee dat die draak hom sy krag, troon en mag sal gee. Die draak is satan. Satan sal dus die bestuurder van die draak wees.

Om alles op te som: Die Antichris gaan uit die mense na vore kom en hy gaan hom voordoen as 'n

groot man van god. Hy gaan mag en heerskappy oor die mense hê en die mense gaan hom aanhang en vereer. Net soos 'n luiperd gaan vinnig beweeg om homself opgewerk te kry in 'n leiers posisie, maar hy gaan ook soos die beer se pote vasberade en standvastig wees met die uitvoer van sy planne. Hy gaan soos die leeu se bek, gewetenloos en bloeddorstig wees om sy doel te bereik. Hierdie persoon gaan egter vals en vol godslastering wees, maar dit gaan nie dadelik uitwys nie. Hy gaan die menslike liggaam van satan op aarde wees wat deur satan self beheer gaan word.

Mag die Here hierdie boodskap seën!